



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1**

**2015**

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye, 'n HTML-merkersblad en 'n aparte inligtingsblad.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. As gevolg van die aard van hierdie drie-uur-eksamen is dit belangrik om daarop te let dat jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal voor die einde van die eksamensessie te verlaat NIE.
2. Tik jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') van ELKE dokument wat jy skep of stoor.
3. Die toesighouer sal 'n disket met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee, OF jy sal ingelig word waar die lêers op die netwerk of rekenaar gevind kan word. Indien 'n disket aan jou uitgereik is, moet jy jou sentrumnummer en eksamennommer op die etiket skryf. Indien jy op die netwerk werk, moet jy die instruksies wat deur die toesighouer gegee word, volg.
4. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.
5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.
6. Beantwoord AL die vrae.
7. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreeël teen moontlike kragonderbrekings.
8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.
9. Aan die einde van die eksamen moet jy die disket wat deur die toesighouer aan jou gegee is, inlewer met AL die antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL die antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE en MOENIE duplikaatantwoord-lêers/-lêergidse inlewer NIE.
10. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel voorsien word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE 3-UUR-EKSAMENSESSIE VOLTOOI WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.
11. Gedurende die eksamen mag jy die hulfunksies van die programme wat jy gebruik, raadpleeg. Jy mag GEEN ander hulpbronmateriaal gebruik NIE.
12. Tensy anders aangedui, moet formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

13. Indien data afgelei is uit 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.
14. Vir alle woordverwerkingsvrae moet die taal op 'English (South Africa)' gestel word. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui.
15. Gebruik sentimeter as maateenheid wanneer hierdie vraestel beantwoord word.
16. **Alternatiewe instruksies vir kandidate wat LibreOffice gebruik, word gegee in gevalle waar dit verskil van die instruksies vir kandidate wat Microsoft Office gebruik.**
17. Gewoonlik word een punt vir een aksie toegeken; dus sal 'n twee-punt-vraag gewoonlik TWEE aksies vereis, ensovoorts.
18. Die eksamenlêergids/-datadisket wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat al die lêergidse en lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

• 1Brain_Brein	Woordverwerkingslêer
• 1Hist_Gesk	Woordverwerkingslêer
• 2Notes_Note	Prentlêer
• 2Piece_Stuk	Woordverwerkingslêer
• 3Music_Musiek	Prentlêer
• 3Stats	Sigblادلêer
• 4Sum_Ops	Sigblادلêer
• 5Code_Kode	Sigblادلêer
• 5Music_Musiek	Databasislêer
• 6Facts_Feite	HTML-lêer
• 6Therapy_Terapie	Prentlêer
• 7Names_Name	Databasislêer
• 7News_Nuus	Woordverwerkingslêer

**SCENARIO**

Musiekterapie word reeds vir duisende jare gebruik as 'n manier om energie te herstel, buie op te vrolik en selfs te help met die natuurlike helingsproses.

Die musiekkklub in jou area het besluit om 'n veldtog te loods waartydens hulle mense sal opvoed oor die uitwerking en die geskiedenis van musiek.

**VRAAG 1: WOORDVERWERKING**

'n Dokument wat die uitwerking van musiek op die brein toon, is geskep.

Maak die **1Brain\_Brein**-dokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') in.

- 1.1 Verander die linkerkantlyn na 2.3 cm. (1)
- 1.2 Voeg outomatiese bladsynommering ('automatic page numbering') in sodat die bladsynommering in die bladsyonderskrif ('footer') van die gelyke bladsye links inlyn gestel is en die bladsynommering in die bladsyonderskrif ('footer') van die ongelyke bladsye regs inlyn gestel is. (3)
- 1.3 Vind die teks wat begin met 'Music is so ...' en eindig met '... we so desired'.
  - 1.3.1 Pas die 'MyQuotes'-styl op hierdie teks toe. (1)
  - 1.3.2 Voeg 'n plekhouer ('placeholder') met die naam 'Quote' vir die aanhaling ('citation') aan die einde van hierdie teks in. (2)
- 1.4 Pas 'n vergrotehoofletter-effek ('dropped cap effect') op die eerste letter van die teks 'Music's' in die eerste paragraaf toe sodat dit oor vier reëls en in die 'Bell MT'-font vertoon. (3)
- 1.5 Verander al die teks wat met die 'Heading 3'-styl geformateer is na die 'Heading 5'-styl. (1)

- 1.6 Vind die prent onder die tweede paragraaf en verander die prent EN die belyning van die paragraaf sodat dit soos volg vertoon:

Albert Einstein is recognised as one of the smartest men who has ever lived. A little known fact about Einstein is that when he was young he performed poorly in school. His grade school teachers told his parents to take him out of school because he was "too stupid to learn" and it would be a waste of resources for the school to invest time and energy in his education. The school suggested that his parents get Albert an easy, manual labour job as soon as they could. His mother did not think that Albert was "stupid". Instead of following the school's advice, Albert's parents bought him a violin. Albert became skilled at playing the violin. Music was the key that helped Albert Einstein become one of the smartest men who has ever lived. Einstein himself said that the reason he was so smart is because he played the violin. He loved the music of Mozart and Bach the most.



(4)

**LET WEL:** Die woorde waarop die reëls in jou dokument eindig, mag dalk effens van die voorbeeld hierbo verskil.

- 1.7 Vind die teks 'Mozart' onder die opskrif 'The Power of Music on Memory and Learning' en voeg 'n kruisverwysing by 'Figure 1: Wolfgang Amadeus Mozart'.

**LET WEL:** Die figuur (Figure 1) se nommer moenie in die kruisverwysing vertoon nie.

(3)

- 1.8 Vind die prent met die byskrif: 'Figure 2: Johann Sebastian Bach'.

Voeg 'n outomatiese byskrif ('caption') by die prent onder hierdie een om 'George Frederic Handel' te lees.

**LET WEL:** Die figuur se nommer moenie vertoon nie.

(2)

- 1.9 Vind die woord 'Napoleon' onder die opskrif 'Conclusions'.

Voeg 'n hiperskakel soos volg op hierdie woord by:

- Die hiperskakel moet aan die dokument **1Hist\_Gesk** in jou eksamenlêergids gekoppel word.
- Vertoon die teks 'Read more' wanneer die muis oor die hiperskakel hang.

(3)

1.10 Gebruik 'n verwysingseienskap om die volgende boek as 'n bron by te voeg:

Outeur: Scarantino, Anne

Titel: Joys of Music

Jaar: 1987

Stad: New York

Uitgewer: Dodd, Mead & Co.

(3)

1.11 Vind die teks 'Laurence O'Donnell III' voor die opskrif 'Bibliography' op die laaste bladsy.

Doen die volgende:

- Voeg 'n eindnota by hierdie teks.
- Gebruik enige simbool van jou keuse as 'n doelgemaakte merk ('custom mark') om die eindnota te merk.
- Gebruik die teks wat as 'n opmerking ('comment') in die dokument verskyn om as die eindnota-tekst te vertoon.
- Verwyder die opmerking ('comment').

(4)

1.12 Voeg 'n outomatiese bibliografie onder die opskrif 'Bibliography' op die laaste bladsy in.

(1)

Stoor en maak die **1Brain\_Brein**-dokument toe.

**[31]**

**VRAAG 2: WOORDVERWERKING**

Een van die lede van die musieklklub het 'n stuk geskryf oor hoe hy oor musiek voel.

Maak die dokument **2Piece\_Stuk** oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') in.


2.1 Pas WordArt/Fontwork op die opskrif 'Music' toe sodat dit soos volg vertoon:

**Music**

**LET WEL:**

- Vul die WordArt/Fontwork met 'n rooi kleur.
- Voeg 'n swart buitelyn by.
- Verander die fontgrootte na 48 pt. (4)

2.2 Verander die inkeping van die eerste paragraaf om soos volg te vertoon:



(2)

2.3 Vind die teks op die tweede bladsy wat met 'Music has everything ...' begin en met '... a great mood' eindig.

Plaas hierdie teks soos volg in twee kolomme:

- Die eerste kolom moet 13 cm wyd wees.
- Die spasie tussen die kolomme moet 3 cm wees.
- 'n Raam moet om die kolomme verskyn soos hieronder aangedui.

Music has everything to make a person happy. From a catchy chorus to a unique beat, music turns people in to a better mood. Once I got into trouble with the cops for an airsoft gun, and got mad instantly because there was no need for a cop to be there. Once the police officer arrived I immediately got furious when he told me it was wrong to shoot pellets at my friend. It's an airsoft pellet that will sting for maximum a minute! When I was younger I had a terrible anger problem inside of me and was so mad that day I punched the side of my house. Immediately I stormed into my room and went to lay down and turned some tunes on. I felt instantly soothed inside and started to calm down about the situation. I started to realize why it all happened and what had really gone down. The music started to work with my body somehow to not make me as angry and concentrated.

Throughout my life music has helped to get me through huge obstacles that have stopped me in my steps. It lets me open up and do what is needed to be done. It lets me persevere and take dedication to the next level. Music is my life. Without it, I would be an angry kid with problems. When I was in anger management classes they helped me to realize that I need something to turn to and music was that thing. I would listen to music and put straight into a great mood.

(4)

- 2.4 Voeg reëlnommers by die dokument. Maak seker dat die reëlnommers op elke bladsy weer by 1 begin.
- LET WEL:** Reëlnommers hoef nie op elke bladsy te vertoon nie. (2)
- 2.5 Vind die paragraaf op die laaste bladsy wat met 'Music will always ...' begin en met '... a person up.' eindig.
- Pas die volgende paragraafopsies op hierdie paragraaf toe:
- Tref voorsorg dat geen sweef-/rugreëls ('widows/orphans') voorkom nie.
  - Hou die reëls op een bladsy bymekaar. (2)
- 2.6 Die prent van die klavier se klawerbord op die laaste bladsy is in drie dele verdeel. Twee van die dele is reeds na die korrekte posisie geskuif.
- Die prent van die derde deel van die klawers is nog nie in die regte posisie nie.
- Pas die derde deel aan en verskuif dit om seker te maak dat dit die klavier se klawerbord voltooi en dat dit soos die klawerborde op die vorige bladsye van die dokument vertoon.
- WENK:** Formateer die prent van die derde deel van die klawerbord sodat die hele prent sigbaar is. (2)
- 2.7 Gebruik die prent **2Notes\_Note** in jou eksamenlêergids en voeg dit as 'n watermerk in sodat dit slegs op bladsy 3 van die dokument vertoon. (3)
- 2.8 Verander die bladsykleur van die hele dokument na oranje. (1)
- Stoor en maak die **2Piece\_Stuk**-dokument toe. [20]



**VRAAG 3: SIGBLAD**

Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad. Gebruik absolute selverwysings waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer dit afwaarts gekopieer word. Alle formules en/of funksies wat ingevoeg word, moet op so 'n wyse ingevoeg word dat die korrekte resultate verkry sal word, selfs al verander die data.

Data is versamel oor die musiek wat mense van die Internet aflaai.

Maak die **3Stats**-sigblad oop. Werk in die **Data**-werkblad.

- 3.1 Voeg die prent **3Music\_Musiek**, wat in jou eksamenlêergids gevind word, in **sel A1:B2** in. (1)
- 3.2 Pas 'n vulkleur van jou keuse toe op die saamgevoegde selle wat die opskrif 'Internet Sales Internetverkope' bevat. (1)
- 3.3 Voeg die opmerking ('comment') 'Sales on 1 Jan 2015' in **sel A3** by. (2)
- 3.4 Die huidige datum ('current date') word verkeerd vertoon in **sel P2**. Verander die formaat van **sel P2** om die huidige datum in die formaat dd/mmm/yyyy te vertoon. (2)
- 3.5 Pas teksomvou ('text wrapping') op **sel B3** toe. (1)
- 3.6 Elke produk moet 'n unieke kode hê sodat dit maklik geïdentifiseer kan word.  
Voer 'n formule in **sel A4** in om die kode vir die liedjie 'Endlessly' deur die kunstenaar 'Duffy' te kompilleer ('compile') deur die volgende te kombineer.
- Die tipe lêer in **sel D4**.
  - Die laaste twee letters van die titel van die liedjie in **sel F4**.
- Die kode moet in hoofletters vertoon word.  
Die kode vir die produk in ry 5 sal MP3UM wees. (5)
- 3.7 Voeg 'n funksie in **sel I4** by om die getal **jare** sedert die liedjie 'Endlessly' vrygestel is, te bepaal.  
Gebruik die jaar waarin die liedjie vrygestel is in **kolom H** en die datum in **sel P2** om jou antwoord te bepaal. Formateer die sel indien nodig. (3)
- 3.8 Die aanbevole verkoopprijs (**kolom K**) word soos volg bereken:
- 25% wins moet bygevoeg word.
  - 14% BTW word daarna by dié prys (**kolom J**) gevoeg.
- Voeg 'n funksie by **sel K4** om die aanbevole verkoopprijs te bereken. (5)

3.9 Gebruik 'n toepaslike LOOKUP-funksie in **sel M4** om die status van elke liedjie op grond van die getal wat verkoop is, gevind in **kolom L**, en in die tabel in die **Status**-werkblad, te vertoon.

Maak seker dat die funksie na die toepaslike selle in die kolom gekopieer kan word. (5)

3.10 Die vervaardigers wil weet watter bitempo ('bit rate') (**kolom N**) as hoog ('high'), matig ('moderate') en laag ('low') geklassifiseer word.

Die bitempo ('bit rate') word soos volg geklassifiseer:

BITEMPO ('BIT RATE')	KLASSIFIKASIE
Meer as 300	High
Tussen 200 en 300 (inklusief)	Moderate
Minder as 200	Low

Voeg 'n funksie in **sel O4** by om die bitempo-klassifikasie van die liedjie te bepaal.

Kopieer die funksie na die res van die selle in die kolom. (5)

3.11 'n Poging is aangewend om 'n aftreklys ('drop-down list') vir elke sel in **kolom P** te skep sodat 'n gebruiker 'n opsie kan kies. Die lys vertoon egter slegs die 'Yes'-opsie.

Voltooi die lys deur die 'No'-opsie by die lys te voeg. (2)

Stoor en maak die **3Stats**-sigblad toe. [32]

**VRAAG 4: SIGBLAD**

Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad. Gebruik absolute selverwysings waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer dit afwaarts gekopieer word. Alle formules en/of funksies wat ingevoeg word, moet op so 'n wyse ingevoeg word dat die korrekte resultate verkry sal word, selfs al verander die data.

Data wat versamel is oor musiek wat mense van die Internet aflaai, is opgesom.

Maak die **4Sum\_Ops**-sigblad oop. Werk in die **Sum\_Ops**-werkblad.

4.1 Gebruik 'n funksie in **sel E5** om die totale getal liedjies wat by Amazon beskikbaar is, te bepaal. (1)

4.2 Bepaal in **sel D2** hoeveel MP3-liedjies van 7Digital op die lys verskyn.

Maak seker dat die antwoord korrek sal bly selfs al verander die data.

**LET WEL:** Die liedjies van 7Digital verskyn in die **Data**-werkblad. (5)

4.3 'n Funksie is in **sel B13** ingevoeg om die totale getal MP3's wat deur al die maatskappye verkoop is, te bepaal.


Hierdie funksie bevat ongelukkig foute. Maak die foute in die funksie reg sodat die korrekte antwoord sal vertoon.

Gebruik die lêertipe (**kolom C**) en die getal wat verkoop is (**kolom G**) in die **Data**-werkblad in jou berekening.

Maak seker dat die antwoord korrek sal bly, selfs al verander die data. (3)

4.4 'n Lyngrafiek is in die **Graph\_Grafiek**-werkblad geskep.

Verander die grafiek om soos die grafiek in die voorbeeld hieronder te lyk.



**LET WEL:**

- Verander die grafiektipe om by die voorbeeld hierbo te pas.
- Verander die titel na '7Digital'.
- Stel die intervalle op die vertikale as na 1.
- Stel die maksimumwaarde van die vertikale as na 12.
- Verander die formaat van die vertikale as na geldeenheid ('currency').
- Verander die inlynstelling van die horisontale as se etikette na 90°.
- Voeg 'n 'Moving average'-tendenslyn ('trend line') by soos vertoon in die voorbeeld hierbo.

(8)

Stoor en maak die **4Sum\_Ops**-sigblad toe.

[17]

**VRAAG 5: DATABASIS**

'n Opname oor die musiek in mense se besit is opgesom.

Maak die databasis **5Music\_Musiek** oop.

- 5.1 Bring die volgende veranderinge op die **TMusic\_TMusiek**-tabel aan:
- 5.1.1 Maak seker dat al die data sigbaar is. (1)
- 5.1.2 Skuif die *Code\_Kode*-veld sodat dit eerste voorkom.  
**LET WEL:** Daar is geen data in die *Code\_Kode*-veld nie. (1)
- 5.1.3 Die data vir al die rekords vir die *Code\_Kode*-veld verskyn in die sigblad **5Code\_Kode**.  
Kopieer al die data van die sigblad na die *Code\_Kode*-veld toe. (2)
- 5.1.4 Dwing die gebruiker om 'n waarde in die *Artist\_Kunst*-veld in te sleutel elke keer wanneer hy of sy 'n nuwe rekord insleutel. (1)
- 5.1.5 Voeg 'n aftreklys ('drop-down list') by die *Type\_Tipe*-veld om seker te maak dat slegs een van die waardes 'MP3', 'CD' of 'DVD' ingevoer kan word. (2)
- 5.1.6 Verander die kenmerke ('properties') van die *Genre*-veld om seker te maak dat slegs die waardes 'Rock', 'Pop' of 'Dance' ingesleutel kan word.  
**LET WEL:** Moenie 'n aftreklys ('drop-down list') gebruik om dit te doen nie. Maak seker dat 'n geskikte boodskap verskyn indien die gebruiker 'n verkeerde of ongeldige waarde insleutel. (4)
- 5.1.7 Die *Demand\_Aanvraag*-veld bevat 'n waarde om aan te dui of 'n spesifieke liedjie in aanvraag is of nie.  
Verander die datatipe van die *Demand\_Aanvraag*-veld na 'n meer geskikte veldtipe.  
**LET WEL:** Ignoreer enige waarskuwingsboodskappe wat moontlik mag verskyn. (1)
- 5.1.8 Stel 'n toevoermasker ('input mask') op die *Owner\_Eienaar*-veld sodat die data in die volgende formaat ingesleutel moet word:  
  - 'n Hoofletter, gevolg deur
  - Ten minste twee, maar moontlik drie syfers
 Voorbeeld: B23 of B023 (5)

Stoor en maak die **TMusic\_TMusiek**-tabel toe.

5.2 Skep 'n vorm met die naam **frm5\_2** wat op die **TMusic\_TMusiek**-tabel gebaseer is.

5.2.1 Die vorm moet 'n kolom-uitleg ('columnar layout') hê en al die velde van die **TMusic\_TMusiek**-tabel insluit. (3)

5.2.2 Verander die agtergrondkleur van die etiket van die *Artist\_Kunst*-veld. (1)

5.2.3 Voeg datum- en tyd-velde in die bladsyonderskrif van die vorm ('form footer') by. (2)

Stoor en maak die **frm5\_2**-vorm toe.

5.3 Skep 'n navraag met die naam **qry5\_3** wat op die **TMusic\_TMusiek**-tabel gebaseer is, soos volg:

- Slegs die liedjies wat in aanvraag is, moet ingesluit word.
- Slegs *Owners\_Eienaars* wat met die letter 'H' begin, moet vertoon word. Voorbeeld: H1038
- Die rekords moet in dalende volgorde volgens die *Artist\_Kunst*-veld gesorteer wees.
- Die *Title\_Titel*-, *Artist\_Kunst*-, *Year\_Jaar*- en *Owners\_Eienaars*-velde moet vertoon word. (4)

Stoor en maak die navraag **qry5\_3** toe.

5.4 Maak die navraag **qry5\_4** oop. Die *Cost\_Koste*-veld verwys na die koste van 'n liedjie.

- Voeg 'n berekende veld met die naam *IncCost* in, wat die nuwe koste sal bereken indien die vorige koste van 'n liedjie sou verdubbel.
- Vertoon hierdie veld in 'rand'-formaat. (4)

Stoor en maak die **qry5\_4**-navraag toe.

- 5.5 Skep 'n verslag ('report') met die naam **rpt5\_5** wat op die **TMusic\_TMusiek**-tabel gebaseer is.
- 5.5.1 Kies en vertoon die velde *Title\_Titel*, *Artist\_Kunst*, *Type\_Tipe*, *Genre* en *Cost\_Koste*.
- Maak seker dat die verslag:
- Die inligting volgens die *Genre*-veld groepeer
  - Die inligting volgens die *Type\_Tipe*-veld, in dalende volgorde, sorteer
- (3)
- 5.5.2 Verander die titel in die boskrif van die verslag ('report header') soos volg:
- Die titel moet 'Songs by Genre' wees.
  - Die titel moet gesentreer wees.
- (2)
- 5.5.3 Voeg 'n funksie by om die totale koste vir al die liedjies in elke genre te bereken en te vertoon. Dit is nie nodig om die etiket te verander nie.
- (3)
- 5.5.4 Gebruik voorwaardelike formatering om die koste wat meer as R100 is, in 'n oranje fontkleur te vertoon.
- (2)
- Stoor en maak die **rpt5\_5**-verslag toe. **[41]**

**VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)**

Jy moet 'n webblad, wat geskep is om inligting oor musiek te vertoon, finaliseer.

Maak die webblad **6Facts\_Feite** in 'n webblaaier ('web browser') oop, asook in 'n teksredigeerder.

**LET WEL:**

- Vraagnummers word as opmerkings ('comments') in die kodering ingevoeg as riglyne om aan te dui ongeveer waar die antwoord(e) ingevoeg behoort te word.
- 'n HTML-merkersblad is as verwysing aangeheg.

Jou finale webblad moet soos die voorbeeld hieronder lyk.

Home	About	Blog	Albums	Videos	Background
------	-------	------	--------	--------	------------

Interesting facts about music, sounds, musical instruments and music perception.

## **Archive for the 'Interesting music facts' Category**


**Why do we like certain types of music?**

What happens to us under the influence of music? What substance does the brain produce when we are listening to music?

After functional magnetic resonance imaging was developed an opportunity arose to study changes in the activity of neurons – cells of the nervous system – while listening to music.

Recent studies found that music affects both hemispheres of the brain. The right brain (emotional) takes the tone and melody, while the left brain(logical) takes the rhythm.

- Studies showed the connection between music lessons and an improved memory
- Children engaged in music showed higher verbal ability



[To read more](#)

- 6.1 Verander die merkers ('tags') sodat die teks 'Facts\_Feite' in die webblaaier-oortjie ('browser tab') vertoon. (1)
- 6.2 Voeg 'n addisionele sel met die teks 'Background' langs die sel 'Videos' in die tabel boaan die webblad in, soos aangedui. Die sel moet presies soos die ander selle vertoon. (3)



- 6.3 Verander die font van die opskrif 'Archive for the 'Interesting Music facts' Category' na 'Forte' en 'n fontgrootte van 6. (2)
- 6.4 Voeg merkers in om die teks 'Why do we like certain types of music?' in die 'Heading 3'-styl te vertoon soos aangedui op die vorige bladsy. (1)
- 6.5 Stel die tweede paragraaf inlyn in die middel van die bladsy. (1)
- 6.6 Formateer die teks wat met 'studies showed the ...' begin en met '... higher verbal ability' eindig met sirkelvormige kolpunte ('bullets') soos volg: (3)
- Studies showed the connection between music lessons and an improved memory
  - Children engaged in music showed higher verbal ability
- 6.7 Voeg 'n prent soos volg onderaan die bladsy by:
- 6.7.1 Voeg die prent **6Therapy\_Terapie.jpg** onderaan die webblad in. (2)
- 6.7.2 Verander die breedte van die prent na 300 en die hoogte na 200. (2)
- 6.7.3 Vertoon die teks 'Therapy' as die prent nie kan vertoon nie. (1)
- 6.8 Voeg die teks 'To read more!' onderaan die bladsy in en koppel dit aan die 'Google.com'-webtuiste. (3)
- Stoor en maak die **6Facts\_Feite**-webblad toe. **[19]**

**VRAAG 7: ALGEMEEN**

'n Nuusbrief moet aan lede gestuur word.

Maak die dokument **7News\_Nuus** oop.

7.1 Verander die eerste kolpunt ('bullet') om soos hieronder te vertoon:

**Q Increased coordination**

A: Students who practise with musical instruments can improve their hand-eye coordination. Just like when playing sports, children can develop motor skills when playing music.

**Q Music builds imagination and intellectual curiosity**

A: Introducing music in the early childhood years can help foster a positive attitude toward learning and curiosity. Artistic education develops the whole brain and develops a child's imagination.

**LET WEL:** Verander die inkeping om by die ander te pas.

(2)

7.2 Redigeer ('Edit') die tabel onderaan die dokument sodat dit soos volg sal vertoon:

<b>EVENTS</b>	
<p style="text-align: center;"><b>Blodgett</b></p> <p><b>Blodgett Chamber Music Series: The Chiara Quartet</b></p> <p><b><i>October 31, March 13, April 17 Reich, Bartok, Korngold, Berg, Schoenberg, Haydn, Mozart, Hillary Zipper, Beethoven</i></b></p>	<p style="text-align: center;"><b>Fromm</b></p> <p>Fromm Players at Harvard with the Manhattan Sinfonietta</p> <p><i>Friday, February 20 and Saturday, February 21</i></p> <p><i>Works by Hitomi Kaneko, Galina Ustvol'skaja, David Gompper, Arther Kampela, Marcos Baler, Luciano Berio, Lei Liang, Ivan Fedele, Philippe Leroux, Donald Martino</i></p>
<p><b>ALL EVENTS ARE FREE AND OPEN TO THE PUBLIC, AND TAKE PLACE AT 8:00 PM IN JOHN KNOWLES PAINE HALL UNLESS OTHERWISE NOTED</b></p>	

Doen die volgende:

- Voeg die eerste ry saam en sentreer die teks in hierdie sel horisontaal en vertikaal.
- Verwyder die derde (oop) ry.
- Verander die buiterame ('outside borders') na 'n dubbelyn en die binnerame na 'n stippelyn.
- Verander die font van die teks in die laaste ry na kleinbokas ('small caps').

(6)

- 7.3 Vind die antwoordstrokie ('REPLY SLIP') aan die einde van die nuusbrieff op bladsy 2.
- Verander die grootte van die 'Yes'-merkblokkievormveld ('check box form field') na 10 pt.
  - Voeg 'n teksblokkievormveld ('text box form field') in langs die teks 'Give us your feedback'.
- (2)
- 7.4 Voeg 'n bladsyonderskrif ('footer') soos volg by die dokument:
- Sleutel die teks 'Editor' in en stel dit links inlyn.
  - Voeg 'n veld in wat regs inlyn gestel is wat die laaste datum waarop die dokument gestoor of verander is, vertoon.
  - Plaas 'n horisontale lyn bokant die teks in die onderskrif.
- (5)
- Stoor die dokument.
- 7.5 Werk verder in die **7News\_Nuus**-dokument.
- Gebruik die **Clients\_Kliënte**-tabel in die databasis **7Names\_Name** en berei 'n possamevoeging (mail merge) soos volg voor:
- Sorteër die kliënte in dalende volgorde volgens hul vanne.
  - Vervang die teks 'Name\_Naam' en 'Surname\_Van' boaan die dokument met die velde *Name\_Naam* en *Surname\_Van*.
  - Stoor die dokument.
  - Voltooi die samevoeging ('merge').
  - Stoor die saamgevoegde dokument as **7Letters\_Briewe**.
- (5)
- Stoor en maak al die dokumente toe. **[20]**

**TOTAAL: 180**

### HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

Basic Tags	
Tag	Description
<body></body>	Defines the body of the web page
<body bgcolor="pink">	Sets the background colour of the web page
<body text="black">	Sets the colour of the body text
<head></head>	Contains information about the document
<html></html>	Creates an HTML document – starts and ends a web page
<title></title>	Defines a title for the document
<!-- -->	Comment
Text Tags	
Tag	Description
<h1></h1>	Creates the largest heading
<h6></h6>	Creates the smallest heading
<b></b>	Creates bold text
<i></i>	Creates italic text
<font size="3"></font>	Sets size of font, from "1" to "7"
<font color="green"></font>	Sets font colour
<font face="Times New Roman"></font>	Sets font type
Links Tags	
Tag	Description
<a href="URL"></a>	Creates a hyperlink
<a href="URL"></a>	Creates an image link
<a name="NAME"></a>	Creates a target location
<a href="#NAME"></a>	Links to a target location created somewhere else in the document
Formatting Tags	
Tag	Description
<p></p>	Creates a new paragraph
<p align="left">	Aligns a paragraph to the "left" (default), can also be "right", or "center"
 	Inserts a line break
<ol></ol>	Creates a numbered list
<ol type="A","a","I","i","1"></ol>	Defines the type of numbering used
<ul></ul>	Creates a bulleted list
<ul type="disc","square","circle"></ul>	Defines the type of bullets used

Formatting Tags continued	
Tag	Description
<li></li>	Inserted before each list item, and adds a number or symbol depending upon the type of list selected
	Adds an image
	Aligns an image: can also be "right", "center"; "bottom", "top", "middle"
	Sets size of border around an image
	Sets the height and width of an image
	Displays alternative text when the mouse hovers over the image or when the image is not found
<hr/>	Inserts a horizontal line
<hr size="3"/>	Sets size (height) of line
<hr width="80%"/>	Sets width of line, in percentage or absolute value
<hr color="ff0000"/>	Sets the colour of the line
Table Tags	
Tag	Description
<table></table>	Creates a table
<tr></tr>	Creates a row in a table
<td></td>	Creates a cell in a table
<th></th>	Creates a table header (a cell with bold, centred text)
<table width="50">	Sets the width of the table
<table border="1">	Sets the width of the border around the table cells
<table cellspacing="1">	Sets the space between the table cells
<table cellpadding="1">	Sets the space between a cell border and its contents
<tr align="left">	Sets the alignment for cell(s) (can also be "center" or "right")
<tr valign="top">	Sets the vertical alignment for cell(s) (can also be "middle" or "bottom")
<td colspan="2">	Sets the number of columns a cell should span
<td rowspan="4">	Sets the number of rows a cell should span

**REKENAARTOEËPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – 2015****INLIGTINGBLAD** (moet NA die 3-uur-sessie deur die kandidaat voltooi word)**180**

SENTRUMNOMMER \_\_\_\_\_

EKSAMENNOMMER \_\_\_\_\_

WERKSTASIENOMMER \_\_\_\_\_

SUITE GEBRUIK  
(Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (X))

WEBBLAAIER  
GEBRUIK  
(Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (X))

LibreOffice 4.2 of hoër	Microsoft Office 2007	Microsoft Office 2010	Microsoft Office 2013
Mozilla Firefox	Google Chrome	Internet Explorer	Ander

LÊERGIDSNAAM \_\_\_\_\_

Kandidaat moet die lêernaam (-name) vir elke antwoord inskryf. Maak 'n regmerkie indien dit gestoor en gedoen is.

Vraag- nommer	Lêernaam	Gestoor (✓)	Gedoen (✓)	Maksimum Punt	Punt Behaal	Nasiener Voorletter/ -kode
1				31		
2				20		
3				32		
4				17		
5				41		
6				19		
7				20		
<b>TOTAAL</b>				<b>180</b>		

Kommentaar (slegs vir kantoor/nasiener se gebruik)

---



---